HOËR VOLKSKOOL HEIDELBERG
Posbus 215, Heidelberg, Gauteng, 1438
Tel: (016) 341 3165/6 E-pos: fin@volkies.co.za

06/11/2026

Geagte Ouers / Voogde

2027 SKOOLGELDE & INLIGTING

Ons is trots op ons skool en wat ons bereik het die afgelope jaar. Veral is ons baie dankbaar vir ons ouers wat die jaar hul skoolverpligtinge nagekom het. Ons is bevoorreg om deel van 'n gemeenskap te wees wat die skool se belange op hul hart dra. Volkies kan net van krag tot krag gaan as elkeen sy bydrae lewer. In die lig hiervan wil ons graag sekere reëlings aan u deurgee vir 2027 om voort te bou op die momentum van 2026.

2027 SKOOLGELDE:

- Aangeheg is die skoolgelde vir 2027.
- Onthou: Januarie skoolfonds is **teen 13 Januarie 2027** betaalbaar.
- **DEBIETVOLMAG**: 'n Debietorder kan gereël word waarop u 2.5% korting ontvang. Stuur asseblief die voltooide vorm teen 7 Desember 2026 per hand of e-pos na tersia@volkies.co.za sodat dit betyds afgehandel kan word. Die debietvolmag is ook op ons webblad beskikbaar.
- **Bestaande debietorders moet skriftelik/telefonies hernu word vir 2027**. Kontak asb. vir me. Tersia Conradie.

WERKBOEKGELDE EN SENTRUM/VAKGELDE:

- Aangeheg is die Opsomming van gelde betaalbaar vir 2027.
- Onthou asb dat die boekgelde en sentrum/vakgelde **apart** betaal moet word **teen 13 Januarie 2027**. Betaling van werkboekgelde en sentrum/vakgelde is verpligtend.
- Ons doen 'n ernstige beroep op ouers om 'n EFT betaling te doen en saam skool toe te bring met die afhaal van boeke. **Baie belangrik:** E-pos asb bewys van betaling asook uiteensetting daarvan aan fin@volkies.co.za.

VERLORE HANDBOEKE:

Indien 'n leerder 'n handboek of leesboek verloor, sal daar 'n boete van R350.00 betaalbaar wees. Geen leerder sal handboeke of leesboeke ontvang indien daar enige boeke of boetes uitstaande is.

HOËR VOLKSKOOL HEIDELBERG
Posbus 215, Heidelberg, Gauteng, 1438
Tel: (016) 341 3165/6 E-pos: fin@volkies.co.za

VRYSTELLINGVORMS:

- Vrystellingsvorms vir 2027 skoolfondse is vanaf 1 Desember 2026 beskikbaar by me. Tersia Conradie in die Finansies-kantoor. Vorms sal nie aan leerders oorhandig word nie.
- **NEEM KENNIS** dat ouers wat aansoek doen vir subsidie steeds verantwoordelik is vir werkboek en sentrum/vakgelde sowel as maandelikse betaling van skoolfondse, totdat die aansoek om vrystelling goedgekeur / afgekeur word.
- Alle volledige Vrystellingsvorms moet **teen 5 Februarie 2027** ingedien word.

2027 SLUITKASSIES:

- Daar is net ‘n beperkte aantal sluitkassies beskikbaar.
- Die sluitkassies word teen ‘n jaarlikse fooi van **R650.00** gehuur. Leerders wat sluitkassies wil bespreek kan hul bewys van betaling deurgee aan me. Tersia Conradie of e-pos na tersia@volkies.co.za, om ‘n sluitkassie vir 2027 te bespreek.
- Leerders is self verantwoordelik vir ‘n slot vir die sluitkassie.

2027 NIGELBUS:

- Alle leerders wat van voorneme is om in 2027 van die Nigelbusdiens gebruik te maak, **MOET** ‘n aansoekvorm inhandig. Aansoekvorms is by me. Tersia Conradie en ook op die webblad beskikbaar en moet teen 20 Januarie 2027 terug ontvang word.
- Nigelbusgelde beloop **R8,500.00** per jaar, **vooruit betaalbaar**. Busgelde mag, *indien nodig*, in 10 x gelyke paaiemente betaal word van 25 Januarie – 25 Oktober. (**R850.00 pm x 10** maande). Hierdie afbetaling is ‘n vergunning deur die BL en nie ‘n gegewe nie.
- ‘n Debietorder kan ook gereël word.

Indien daar enige navrae of onsekerheid is skakel asb me. Tersia Conradie (016) 341-3165/6 of e-pos na tersia@volkies.co.za.

Volkie groete

Mnr J.J. Botha
HOOF